



WETENSKAPLIKE BYDRAES VAN DIE PU¹ VIR CHO
Reeks H: Inougurele Rede, nr. 76.

DIE GR(SA) VAN DIE TOEKOMS

D. S. van der Merwe

**Rede uitgespreek by die aanvaarding van die amp
as Hoogleraar in die Departement Rekeningkunde
en Ouditkunde aan die Potchefstroomse Universi-
teit vir Christelike Hoër Onderwys op 14 Maart
1980.**

Potchefstroomse Universiteit vir CHO 1980.

DIE GR(SA) VAN DIE TOEKOMS

In hierdie rede wil ek kortliks kyk na die GR(SA) van die toekoms. Om daarby uit te kom, sal ek eers stilstaan by wat 'n GR nou doen, watter postulate aan sy werk ten grondslag lê en hoe hy opgelei word.

Daarna sal ons by 'n aantal faktore stilstaan wat veranderings aan die bestaande struktuur noodsaaklik maak, en dan kom ons by die kern, wat sal van die GR van die toekoms verwag word, watter postulate sal gebruik word en hoe kan die opleiding geskied om aan daardie eise te voldoen?

Die rekenmeestersberoep is 'n multidissiplinêre beroep, en die teenswoordige ouditfunksie word in 'n uiters komplekse milieu uitgevoer. Dit is juis hierdie ingewikkelde milieu wat vir die Geoktrooieerde Rekenmeester (SA) so 'n uitdagende en bevredigende loopbaan bied. Daarteenoor skep dieselfde milieu oneindige probleme met betrekking tot die opleiding van die GR(SA) van die toekoms. 'n Mens het hier te doen met die opleiding wat nou onder heersende toestande en wetgewing geskied en wat 'n produk moet lewer wat oor 'n vyf of 'n ses jaar in die toekoms die uitdagings en probleme van daardie tyd die hoof moet kan bied.

Ten einde by die rekenmeester van die toekoms uit te kom, is dit nodig om by die hede te begin. Teenswoordig lewer die GR(SA) veral diens op terreine van maatskappye, banke, finansiële instellings, koöperasies, prokureurs met trustgelde, eiendomsagente, sekere klubs, liefdadigheids- en welsynsorganisasies, pensioenfondse; effek-tetrust en -makelaars en ander statutêre liggame. In genoemde gevalle is die GR(SA) gemoeid met die oudit van die betrokke onderneming, waarna of 'n ouditeursverslag of 'n ouditsertifikaat uitgereik word. In 'n ouditeursverslag spreek die GR(SA) normaalweg 'n opinie uit oor die vraag of die finansiële jaarstate die stand van sake en wins of verlies van die onderneming vir 'n betrokke rekenpligtige tydperk in ooreenstemming met algemeen aanvaarde rekeningkundige beleid redelik weergee - die klem rus dus hier op die uitspraak van 'n opinie. In 'n ouditsertifikaat daarenteen sertifiseer die GR(SA) dat die betrokke inligting waaroor die sertifikaat handel, korrek is. Aangesien die milieu so ingewikkeld is en daar

so baie dissiplines by 'n oudit betrek word, is dit noodsaaklik dat die GR(SA) sekere basiese uitgangspunte of postulate moet hê. Dit bestaan wel en kan soos volg opgesom word:

POSTULATE

- (1) Die finansiële jaarstate as geheel en die finansiële inligting individueel is ten volle verifieerbaar.
- (2) Daar bestaan geen konflik tussen die GR(SA) en die bestuur nie, en beide streef onpartydige, objektiewe en akkurate rekeningkundige verslagdoening na.
- (3) Die geldelike jaarstate en ander inligting wat voorgelê word vir verifikasie, is vry van ongerymdhede.
- (4) Interne kontrole wat streng toegepas word en doeltreffend funksioneer, verminder die moontlikheid van bedrog in 'n baie groot mate.
- (5) Die konsekwente toepassing van algemeen aanvaarde rekeningkundige beginsels lei tot 'n redelike weergawe van die geldelike posisie en resultate van bedrywighede.
- (6) Dit wat in die verlede gegeld het, sal ook vir die toekoms geld.
- (7) Die GR(SA) tree slegs in sy hoedanigheid as ouditeur op.
- (8) Professionele status het professionele verpligtinge tot gevolg.
- (9) Die resultate van elke oudit moet vir die besluitnemers wat op grond van die state moet handel, tot hulp wees.

DIENSTE

Uit die pas genoemde postulate is dit dan ook duidelik dat die GR(SA) nie net met ouditering te make het nie. Dienste met betrekking tot belastingaangeleenthede, ondersoeke met die oog op kredietverlening, beleggings, amalgamasie en rekonstruksie, die koop van ondernemings, die opsporing van bedrog en baie ander en die gee van bestuursadvies

so baie dissiplines by 'n oudit betrek word, is dit noodsaaklik dat die GR(SA) sekere basiese uitgangspunte of postulate moet hê. Dit bestaan wel en kan soos volg opgesom word:

POSTULATE

- (1) Die finansiële jaarstate as geheel en die finansiële inligting individueel is ten volle verifieerbaar.
- (2) Daar bestaan geen konflik tussen die GR(SA) en die bestuur nie, en beide streef onpartydige, objektiewe en akkurate rekeningkundige verslagdoening na.
- (3) Die geldelike jaarstate en ander inligting wat voorgelê word vir verifikasie, is vry van ongerymdhede.
- (4) Interne kontrole wat streng toegepas word en doeltreffend funksioneer, verminder die moontlikheid van bedrog in 'n baie groot mate.
- (5) Die konsekwente toepassing van algemeen aanvaarde rekeningkundige beginsels lei tot 'n redelike weergawe van die geldelike posisie en resultate van bedrywighede.
- (6) Dit wat in die verlede gegeld het, sal ook vir die toekoms geld.
- (7) Die GR(SA) tree slegs in sy hoedanigheid as ouditeur op.
- (8) Professionele status het professionele verpligtinge tot gevolg.
- (9) Die resultate van elke oudit moet vir die besluitnemers wat op grond van die state moet handel, tot hulp wees.

DIENSTE

Uit die pas genoemde postulate is dit dan ook duidelik dat die GR(SA) nie net met ouditering te make het nie. Dienste met betrekking tot belastingsaangeleenthede, ondersoeke met die oog op kredietverlening, beleggings, amalgamasie en rekonstruksie, die koop van ondernemings, die opsporing van bedrog en baie ander en die gee van bestuursadvies

necm ook baie van die GR(SA) se tyd in beslag.

Op die oog af lyk dit asof hierdie dienste wyd uiteenlopend en absoluut verskillend van aard is. Tog is daar veral twee faktore wat tot 'n mate van verwantskap lei, naamlik die feit dat al die gebiede insig van die kant van die GR(SA) verlang en daarna vereis dat geassimileerde kennis aangewend word om die betrokke probleme op te los. 'n Kardinale vereiste vir 'n GR(SA) is dus die vermoë om te ontleed, te assimileer en toe te pas, en dit kan in 'n groot mate deur opleiding en onderrig vermag word.

OPLEIDING

Maar opleiding en onderrig bly steeds 'n turksvy. Teenswoordig word die volle akademiese opleiding aan universiteite verrig, terwyl 'n tydperk van ingeskrewe leerlingskap by 'n goedgekeurde praktisyn voltooi moet word voordat iemand toegelaat word om die Kwalifiserende Eksamen van die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad aan te durf. Die akademiese opleiding aan die universiteite soos deur die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad vereis, behels kursusse in Rekeningkunde, Bedryfsrekeningkunde, Ouditkunde, Inkomstebelasting, Rekenaarmetodes en Handelsreg. Vakke soos Ekonomie, Bedryfs-ekonomie, Geld- en Bankwese word nie as 'n vereiste gestel nie maar word as waardevolle agtergrondkennis beskou. Wat Wiskunde en Statistiek betref, word 'n baie elementêre kursus aangebied. As geheel gesien, kan gesê word dat die student 'n goeie basis in die Rekeningkundige en Ouditkundige vakke moet hê. Die assimilasië van kennis geniet dus deeglike aandag, maar die vermoë om kennis toe te pas, om inligting te ontleed en te interpreteer word op die agtergrond geskuif, omdat daar blykbaar gevrees word dat die slaagsyfer te laag sou daal. Gevolglik word die belangrikste aspek, naamlik die vermoë om kennis toe te pas, inligting te ontleed en te interpreteer, aan die praktisyn se opvoeding oorgelaat. Die praktisyn is 'n ervare rekeningkundige of ouditeur met weinig ondervinding van opvoedkunde, en dan veral van so 'n belangrike aspek. Daarbenewens bestaan daar tans geen volledige beeld van watter deel van die opleiding deur die universiteite en watter deel deur die praktisyns gedoen behoort te word nie. Die probleem word groter as 'n mens na al die veranderinge kyk wat om iou plaasvind.

VERANDERINGE

As ons veranderinge beperk tot daardie groepe wat 'n regstreekse invloed op rekeningkunde uitoefen, sit ons reeds met meer as sewe groepe. Kom ons kyk na van die groepe wat die grootste invloed op rekeningkunde behoort uit te oefen.

1. Eerstens kry ons met die sosiopolitiese aspekte te doen. Wêreldwyd word meer en meer klem op die verhoogde sosiale verantwoordelikheid van elke individu gelê. Gevolglik word van maatskappye verwag om ook hulle deel by te dra tot gemeenskapsontwikkeling, gesondheidsdienste, opvoeding en voorkoming van skade aan die ekologie. Eise met betrekking tot nalatigheid, veral op rekenaargebied, vier tans in die VSA hoogty.

Hierdie aspekte verg meer as net verbygaande of toevallige aandag. Die meeste van die gegewens wat hier ter sprake kom, word in nie-monetêre terme gemeet. Verder is daar 'n sterk stem van die finansiële pers vir gedetailleerde eerder as opgesomde finansiële gegewens. Die verskaffing van sulke gedetailleerde gegewens sal beter beplanning en groter gebruik van begrotings tot gevolg hê. Ook die rekeningkunde stelsels sal aan dié beurt kom, en baie groter veiligheid kan op die gebied in die vooruitsig gestel word.

2. Tweedens kom ons by ekonomiese aangeleenthede. Daar is 'n wêreldwye tendens dat die ekonomiese mag onder 'n steeds kleiner wordende groepie se beheer gekonsentreer word. Dit lei tot groter ondernemings met groter belange en steeds groter magte. Baie min van die groter ondernemings kan aan 'n spesifieke land van herkoms toegedig word. Die meeste funksioneer nou wêreldwyd asof daar geen landsgrense bestaan nie. Die tekort aan geskoolde mannekrag raak al hoe meer kritieker, en die inflasiegolf spoel voort asof geen struikelblokke van enige aard bestaan nie. Vir die rekeningkunde hou dit die probleem in dat al hoe meer eksterne gegewens (dit wil sê gegewens van buite die onderneming) benodig word om doeltreffend te kan beplan. Daarbenewens bring die multinasionale ondernemings probleme met betrekking tot beide interne en eksterne verslaglewering

met hulle saam. Verslagiewering moet in baie gevalle voldoen aan plaaslike sowel as buitelandse regulasies wat ten opsigte van belangrike aspekte wesenlik kan verskil. Die probleem is egter nie net tot historiese gewens beperk nie, en aandag sal in verslag geskenk word aan onder andere die voorspellingsmodelle vir aankope, mannekrag, finansiering, tegnologiese vooruitgang, aankope, mannekrag, finansiering, tegnologiese vooruitgang, en sovoorts. Dit word voorsien dat 'n verslag oor die mannekrag ook 'n deel van die geldelike state sal vorm. Maar dit is nie net die eksterne verslagiewering wat geraak word nie, maar interne en bestuursverslae sal onder die huidige inflasionistiese toestande ook aangepas moet word.

3. In die derde plek kry ons met tegniese verandering te doen. Telekommunikasie het met rasse skrede verbeter, en beide die apparatuur en programmatuur by rekenaarsstelsels word daagliks verfyn. Gewens word meer en meer in elektroniese vorm op magnetiese media of uiters verkleinde vorm op mikrofilm geberg. Hieruit het intydse rekenaarsstelsels, soos die van Computicket, ontwikkel wat 'n groot wisselwerking tussen die gebruiker en die inligtingstelsel tot gevolg het. Op rekeningkundige gebied is geprogrammeerde rekenaarpakkette geredelik beskikbaar en behoort die gebruik daarvan baie toe te neem.
4. Vierdens kom die veranderings in organisatoriese struktuur ter sprake. Daar is 'n duidelik waarneembare tendens aan die ontwikkel ingevolge waarvan die klassieke organisasiesstelsel met sy onbuigsame inligtingstelsel moet plek maak vir 'n gesofistikeerde stelsel wat met die tyde tred hou. Spesifieke aandag word geskenk aan die sogenaamde dinamiese organisasiestrukture waar die roetine en onbelangrike besluite op 'n geprogrammeerde basis afgehandel word, sodat meer tyd en inligting vir dinamiese bestuur beskikbaar raak. Dit lei tot die noodsaaklikheid om meer en beter inligting vinniger beskikbaar te hê. Die roetienewerk van die tradisionele rekenmeester behoort gerekenariseer te word, sodat die rekenmeester ook deel aan die lewe kan hê en sy kennis en ervaring tot die beste voordeel van die onderneming aan te wend.
5. In die vyfde plek kan toenemende ingewikkeldheid van die or-

ganisasiestruktuur genoem word. Die snelle vooruitgang van tegnologie, die voortdurende produkveranderinge en die inligtingontplooffing-noodsaak die voortdurende aanpassing van stelsels om met die ingewikkelde bestuursprobleme te help.

6. Dit lei dan in die sesde plek tot aansienlike veranderinge in die bestuurspraktyk. Die bestuurswetenskap is 'n lewende wetenskap met die besluitnemingsproses as een van die kerne. Juis die besluitnemingsproses is afhanklik van stelsels wat die nodige inligting na die gebruikers moet voer. Hier word meer aandag aan die vorentoevoer of voorspelingsaspek eerder as aan historiese gegewens gewy. Daarby behoort meer beslissings op beslissingsreëls gebaseer te word, en die bestuurswetenskap moet ingewikkelde ondernemings bestuur deur inligtingstelsels uit te bou wat beslissingsreëls bevat.
7. In die sewende en laaste plek kry ons die veranderende mengsel van die ekonomie. Die groei van die dienssektor, diensinstelling en diensdepartemente binne elke industrie is 'n verdere kenmerk van die konglomeraatvorming. Dit vereis weer nuwe inligtingstelsels vir die beplanning en beheer van die dienstipe bedryf, wat weer eens van dié van die verlede sal verskil. Die invloed van die kommunisme moet hier glad nie gering geskat word nie.

Samevattend kom dit gevolglik neer op meganisering, die beter benutting van opgeleide personeel deur roetienewerke meganies te laat doen en die klem skuif na die bestuurskant van historiese gegewens na voorspellende en toekomstgerigte inligting.

POSTULATE VAN DIE TOEKOMS

Dit bring ons dan by die postulate vir die toekoms.

Die belangrikste is dat hierdie postulate basies en aanpasbaar moet wees, en daarom wil ek net vyf postulate vir die RSA voorstel naamlik:

1. God bestaan en is die Skepper van alles. God het die wêreld uit niks geskep en die skepping was ordelik. Deur die sondeval van

die mens het chaos ontstaan, en nou is dit ook die taak van die GR(SA) om te poog om die orde te herstel (veral) waar ekonomiese chaos die gevolg van ideologiese verskille is.

2. Tweedens is die mens die draer van modaliteite en aan sekere wette onderworpe. te wete

die Wet van God,
die Kosmiese Struktuurwet en
die Modale Wette.

3. Finansiële state en inligting is verifieerbaar.
4. Die konsekwente toepassing van algemeen aanvaarde rekeningkundige beginsels lei tot die redelike weergawe van die finansiële stand en resultate van bedrywigheide van 'n onderneming.
5. Die basiese uitgangspunt van die GR(SA) is om sy werk so te kan doen dat hy 'n mening kan vorm en 'n verslag kan lewer.

Indien meer postulate in hierdie vormingstadium gestel word, sal die toekomstige ontwikkeling aan bande gelê word.

TOEKOMSTIGE WERK VAN GR(SA)

Aangaande die voorspellings met betrekking tot die toekoms moet weer beklemtoon word dat die verwagting is dat die reeks dienste wat van 'n GR(SA) in openbare praktyk verwag gaan word, waarskynlik baie uitgebrei sal word. Ons kan verwag dat al die tradisionele dienste sal voortduur maar tog ook meer aandag sal kry om onder andere die hele auditproses doeltreffender te maak. So kan daar byvoorbeeld aansienlik meer klem gelê word op die ondervragingsmetode as basiese weg tot ontdekking. In hierdie verband sal rekenaars ook 'n groot rol speel en sal die nodige kennis en vaardigheid van die GR(SA) verwag word.

Openbare Rekenmeesters sal onder druk geplaas word om hersienings- en verslaggewingsverantwoordelikhede te aanvaar oor sake soos gepubliseerde finansiële voorspellings, interne beheerstelsels en die nastrewe van maatskaplike doelstellings. Selfs van groter belang behoort die GR(SA) se

betrokkenheid by finansiële ontleding vir die regering met die oog op beleidsbesluitneming te wees. Indien die beroep bereid is om verdere verantwoordelikheid te aanvaar, sal die ontleding van die doeltreffendheid en die doelmatigheid van bestedingsprogramme, ten einde geldskepping deur begrotingstekorte onder beheer te bring, 'n belangrike nuwe diensgebied word.

Verder is dit ook duidelik dat die eise om verbeterde verslaglewering sal voortduur. Hoewel die primêre state in die toekoms in 'n groot mate op historiese koste gebaseer sal word, moet daar gepoog word om metodes te vervolmaak waarvolgens die een of ander vorm van huidige waardes in die proses van verslaglewering oor inflasie weergegee kan word. Dit sal ook voorkom of die neiging tot nuwe tipes verslae onder andere die oor menslike hulpbronne, onverpoos sal voortduur. Ons kan verwag dat meer besonderhede verskaf sal word aangaande die samestelling en vergoeding van die bestuur en direksie asook die verhouding met onafhanklike ouditeure, regsvertegenwoordigers en ander sleutelpersoneel in die verantwoordingsproses. Uitgebreide openbaarmaking van gebeurlikhede, tekortkominge in interne beheerstelsels en die neerlegging by maatskaplike doelwitte en maatskappygedragskodes sal waarskynlik ook plaasvind.

Hierby kan ons verwag dat die een of ander vorm van bestuursverslag by die geldelike jaarstate ingesluit sal word. Dit behoort dan die bestuur se verantwoordelikhede te verduidelik.

Of finansiële voorspellings ook deel van finansiële verslaggewing sal word, is minder seker, hoewel die kliënte waarskynlik daarop sal aandrang.

Die voorgaande sal daartoe lei dat die formaat van finansiële verslae in heroorweging geneem word. Die vraag bestaan tot wie die state gerig moet word. Indien die Amerikaanse siening aanvaar word dat slegs op die ingeligte leser gemik moet word, bestaan daar geen probleme nie. Moet dit egter vir die breë publiek verstaanbaar wees, sal die toekomstige openbaarmakingsvereistes nie as algemeen aanvaarde rekeningkundige beginsels beskou word nie maar eerder as beginsels wat nodig is om te voorkom dat finansiële verslae misleidend is.

Die huidige verslae kan ook aangepas word om leesbaarder en verstaanbaar-

der te wees. Aspekte soos produktiewe toerusting, arbeidsverhoudinge en maatskaplike verantwoordingsprogramme kan ook ingevoer word. Hieruit is dit duidelik dat die GR(SA) van die toekoms baie intensiewer na alle aspekte van sy dienslewering sal moet omsien. Veral as 'n mens aan ons Swart buurstate dink, wat in 'n sekere sin tog nog leiding nodig het, besef jy dat dienste op alle vlakke gelewer sal moet word. Van die doeltreffendheid van daardie dienste sal die welslae al dan nie van ons politieke beleid in 'n baie groot mate afhang. Indien 'n volk in die sakelewe slaag, het hy 'n kans op voortbestaan, en daardie welslae hang onder andere af van die GR(SA) van die toekoms wat nou opgelei moet word.

OPLEIDING

Na my mening het ons 'n keerpunt in die profesie en in die toekoms van die GR(SA) bereik. Omdat ons land 'n betreklike klein aantal praktiserende rekenmeesters het (2278 in 1970 en 2892 in 1978), wat 'n groot verskeidenheid van dienste moet verskaf, dink ek ons speel met vuur indien ons ons buitelandse kollegas slaafs sou navolg. Dit is dringend noodsaaklik dat ons die jeug van vandag in die vermoë stel om die uitdagings van die toekoms die hoof te kan bied. Dit kan slegs gebeur indien die opleiding so verdeel word dat die toekomstige GR(SA) sy praktiese en tegniese opleiding in die praktyk bekom en die universiteite dan slegs aan die akademiese ontwikkeling hoef te werk.

EERSTENS DAN DIE INDIENSOPLEIDING

Tydens die ingeskrewe klerkskap tydperk, dit wil sê dié tydperk waarin die toekomstige GR(SA) moet leer hoe om hom op professionele wyse te gedra en sy werk op professionele wyse uit te voer, behoort so iemand al die tegniese vaardighede aan te leer. Die hoofde kan dit op verskeie maniere doen, maar die probleem is dat niemand presies weet wat aan die klerk geleer moet word nie. Dit is hoog tyd dat 'n formele definisie opgestel word wat gebruik kan word om te beoordeel of die klerk die nodige tegniese opleiding bekom het. Die Nasionale Raad van Geoktrooieerde Rekenmeesters (SA) vereis verder dat die praktisyne ook seminare, werkgroepe en ailegmene byeenkomste moet reël om die agtergrond van die voornemende GR(SA) te verbreed. Hierdie is die positiefste stap wat tot dusver geneem is.

UNIVERSITEITE

Dit bring ons dan by die universiteit. Wat die toekoms betref, is die universiteit een van die liggame wat die heel belangrikste rol sal moet speel. Dit is reeds algemeen bekend dat die man van môre met 'n hoogs geskoolde personeel van internasionale ondernemings sal moet kan werk maar ook die probleme van half- en selfs ongeskoolde mense in ons buurstate die hoof sal moet kan bied. Om dit te doen, sal die universiteite geen tyd hê om aan tegniese aspekte te bestee nie. Die omvang van die kennis wat verlang gaan word, is so groot dat die studietyd verleng of die inhoud van die kursusse baie versigtiger beplan sal moet word. Die verlenging van die kursus is buite die kwessie as gevolg van die politieke aanslae op ons land, waar onder andere toenemende militêre diensplig van ons mans verlang word. Daar bly dan net die moontlikheid oor om die kursusse baie versigtiger te beplan en te vereis dat die GR(SA) na kwalifikasie verder in een of ander rigting sal spesialiseer - en dit kan beslis gedoen word.

Tydens die graadstudie sal dit nodig wees om weer eens te besin oor wat die graduandi moet ken. Die reeds bekende uitgangspunt dat die studie voldoende agtergrond maar ook dieptekennis moet verskaf vir die werk waartoe dit lei, bly nog steeds van krag. Daar sal egter nuwe metodes in werking gestel moet word sodat die graduandi se vermoëns om te assimuleer, te ontleed, saam te vat en toe te pas of op te bou baie, baie sterker ontwikkel sal word. Ook moet daardie persone die prosesse van deduktiewe en induktiewe redenasie bemaatig en begryp en in staat wees om die teoretiese raamwerk van hulle vakgebied aan die praktiese toepassings daarvan te kan koppel. Die uiteindelijke honneursgraduandi moet geag word 'n teoretiese basis van hulle vak te hê, in staat wees om dit toe te pas en bowenal in staat wees om hulle kennis toe te pas om oplossings vir nuwe probleme en uitdagings te bied. Dit is noodsaaklik om eers die bestaande toepassings en konsepte te bemaatig voordat die student in staat sal wees om nuwe probleme die hoof te bied. Teoretiese studies moet daarom bekende terreine in gekose gebiede dek deur die student se kennis op 'n chronologiese wyse te laat ontwikkel en nie te poog om slegs die eindresultaat oor te dra sonder om te wys hoe dit ontwikkel het nie. Slegs daardeur sal die graduandi met 'n ondersoekende en leergierige aard gelewer word wat in staat sal wees om te redenaar en om beginsels toe te pas. Graadkursusse moet daarom op die ontwikkeling van die student se intellek onder vrye akademiese omstandighede toegespits wees.

Die inhoud van die leergange sal ook gewysig moet word. Vir die toekoms kan dit belangriker wees om sosiologie en sielkunde te bestudeer en in staat te wees om mense te verstaan en met hulle te kan werk eerder as om baie wette en feite te leer. Sekere van ons bestaande vakke behoort vervang te word. Daar moet onthou word dat iemand wat as GR (SA) kwalifiseer, slegs bewys het dat hy oor sekere vermoëns beskik, maar nou breek die tyd aan waarin bewys moet word waartoe hy in staat is. Dit wat hy geleer het, sal toegepas moet word om die behoeftes van ons land en ons volk te bevredig.